LAERSKOOL P A M BRINK

Posbus 13235, Geduld 1562
Tel : (011) 811-1880/1
Faks : (011) 811-1882
E-pos : pambrink@absamail.co.za

Omsendskrywe 10/2018

24 April 2018

Geagte Ouers/Voogde,

LANGNAWEEK (27 April – 1 Mei):
Die skool sluit Donderdag, 26 April om 1-uur vir die langnaweek. Daar sal dus geen RO-klasse na skool wees nie.

REGISTRASIE 2019 – GRAAD 1:
Registrasie vir nuwe Graad 1 leerlinge vir 2019 is tans oop. Alle aansoeke moet ***aanlyn*** geregistreer word. Indien u nie internet toegang by die huis het nie, kan u by die skool aanlyn kom registreer.

Die sluitingsdatum is 28 Mei 2018.

HERREGISTRASIE:
Alle leerlinge tans in die skool van Graad 1 – 6 moet herregistreer vir 2019. Alle vorms moet asb. terug gestuur word om u kind se plek vir volgende jaar te verseker. Die sluitingsdatum is 11 Mei 2018.

KOPLUISE
Die teenwoordigheid van kopluise is 'n algemene probleem in skole en Onderwys-inrigtings.

Dit is die verantwoordelikheid van elke OUER/VOOG om te verseker dat u kind nie besmet is nie en die nodige beheermaatreëls te tref waar besmetting wel plaasvind.

Onbehandelde besmette gevalle dra nie net by tot die vespreiding van die luise nie maar veroorsaak ook 'n verleentheid of vernedering vir die kind, aangesien mede leerlinge geneig is om so 'n kind te probeer vermy.

Doen gereelde inspeksies van die kind se kop om te verseker dat die luise en eiers (nete) vernietig is en die kop vry bly van luise.

Ouers sal gekontak word om u kind te kom haal, sodat die probleem aangespreek kan word.

SOP VIR DIE WINTER
Ons hou Donderdag, 26 April 'n soplegging vir die winter wat vinnig nader kruip. Ons benodig asb. die volgende bestanddele wat in die sop gebruik kan word, soos bv:

- Pasta
- Sopgroentes
- Pakkies Sop
- 6 in 1 Sopmengsel
- Sopvleis

SPORTGRONDE
U sal oplet dat die palissade geskuif is by die sportgronde. Ons wil graag die Beheerliggaam en ouers bedank wat gehelp het om die gronde te beveilig. Die skool waardeer u hulp opreg.

MNR A JANSEN VAN RENSBURG
SKOOLHOOF